ANNEXURE C:

Property Details

6478/23

1082

MICRO SECTION

PLEASE SCAN / RESCAN
THE FOLLOWING:

T92418/1998 (copy)

THANK YOU

Rectifications
R Harris
1352

For Information Only

Opgestel deur my

TRANSPORTBESORGER
FOURIE, J M

SEËLREG
DUTY R.....
FOOI
FEE R. 165 00

T 92418 98

TRANSPORTAKTE

DATA
19-10 L MURIE

SWEMMER & LEVIN
Prokureurs, Notarisse
Transportbesorgers
VREDENBURG, SALDANHA
LANGEBAAN & VELDDRIF

HIERMEE WORD BEKEND GEMAAK

DAT CARL FRIEDRICH POHL
voor my **REGISTRATEUR VAN AKTES** te KAAPSTAD verskyn het, die genoemde komparant synde behoorlik daartoe gemagtig deur 'n Volmag aan hom/haar verleen deur:

1. ANDRIES JACOBUS BESTER
   Identiteitsnommer 351113 5020 00 9
   Getroud buite gemeenskap van goed; en
2. ALBERTUS OLIVIER BESTER
   Identiteitsnommer 370605 5011 08 3
   Getroud buite gemeenskap van goed

gedateer 19 Augustus 1998
en geteken te VREDENBURG

For Information Only

(2)

BO 0064611/2014
GEKANSELLEER
CANCELLED
REGISTRATEUR/REGISTRAR
19 DEC 2014

VERBAND MORTGAGED
VIR
FOR R 450 000,00

B 00135557/2005
19 DEC 2005
REGISTRATEUR/REGISTRAR

Ptn 1 = 11,6675 ha

GETRANSPORTEER AAN TRANSFERRED TO
SALDANHA DRY BULK TERMINAL
BK.
RESTANT/REMAINDER 874,2067 ha

T 00073163/2016
29 NOV 2016
REGISTRATEUR/REGISTRAR

For Information Only

EN die genoemde Komparant het verklaar dat 1. ANDRIES JACOBUS BESTER en 2. ALBERTUS OLIVIER BESTER die ondergemelde eiendom op 1 April 1998 waarlik en wettiglik per PRIVATE OOREENKOMS verkoop het en dat hy in sy voormelde hoedanigheid hierby in volkome en vrye eiendom sedeer en transporteer aan en ten gunste van:

Die Trustees van tyd tot tyd van
BLOMFONTEIN TRUST
Registrasie Nr. IT4969/1997

die se opvolgers in titel of regverkrygendes

PLAAS NO 1043, geleë in die gebied van die Weskus Skiereiland Oorgangsraad, Administratiewe Distrik Malmesbury, Wes-Kaap Provinsie

GROOT: 885,8742 (AGT HONDERD VYF EN TAGTIG KOMMA AGT SEWE VIER TWEE) hektaar

AANVANKLIK GEREGISTREER en nog gehou kragtens Sertifikaat van Gekonsolideerde Titel nr T8481/1986 met Kaart nr 11261/1984 wat daarop betrekking het.

I WAT betref die figuur A B K L M N O P Q R S T U op Kaart nr 11261/1984:-

A. ONDERHEWIG aan die voorwaardes waarna verwys word in Transportakte nr T2783/1912.

B. GEREGTIG op die voordeel van die Serwituut waarna verwys word in die aantekening gedateer 2 Februarie 1967 op Transportakte nr T19818/1966, welke aantekening as volg lui:-

"Kragtens Not. Akte Nr. 19/67 ged. 18.10.1966 is die eienaars van die eiendom hieronder gehou geregtig om 'n waterpyp te lê oor die eiendom gehou onder T.18887/48 (Ged. 7 van Muishond Fontein) langs die grenslyn G.A. op Kaart 1292/48 geheg aan gemelde T.18887/48 tesame met bykomstige regte. Onderhewig aan voorwaardes soos meer volledig sal blyk uit gemelde Not. Akte."

II WAT betref die figuur gemerk C D E F G H J (uitsluitende die figuur a b c d e f H g h j k) op die Kaart nr 11261/1984:-

For Information Only

A. ONDERHEWIG aan die voorwaardes waarna verwys word in Transportaktes nr T2038/1910, nr T1381/1910 en nr T5280/1917.

En soos uiteengesit in Transportakte nr T12654/1940 en Sertifikaat van Geregistreerde Titel nr T3607/1943, synde grond wat onder erfpag besit word kragtens Titelbewys afkomstig van 'n Grondbrief gedateer 1 Desember 1825 (Kaapse Erfpagte Boekdeel 3 nr 78) toegeken met die voorbehoud ten behoewe van die Staat van alle regte op myne van goud, silwer en edelgesteentes vermeld in Artikel 4 van die Proklamasie van Sir John Cradock gedateer 6 Augustus 1813.

B. ONDERHEWIG VERDER aan die bepalings van die Notariële Akte van Sessie van Minerale Regte nr 10/1943, geheg aan gemelde Transportakte nr T12654/1940 en Sertifikaat van Geregistreerde Titel nr T3607/1943 en waarna verwys word in die endossement gedateer 20 Augustus 1943 op gemelde Transportakte nr T12654/1940 en Sertifikaat van Geregistreerde Titel nr T3607/1943 wat respektiewelik as volg lees:-

"Sessie van Minerale Regte

Kragtens Notariële Akte nr. 10/1943 ged. 9de en 11de Augustus 1943, is al die regte tot onedele metale en minerale, hieronder Para 2 gehou deur J.J. Nieuwoudt (g.b.gr.q) gesedeer en verkoop aan "African Metals Corporation Limited", onderhewig aan sekere voorwaardes, soos meer breedvoerig sal blyk uit die gesegde Notariële Akte, kopie hieraan geheg."

"Cession of Mineral Rights

By Notarial Deed No. 10/1943, dated 9th and 11th August 1943, all rights to base metals or base minerals in or on the land held hereunder Para. 2, have been ceded to the "African Metals Corporation Limited" subject to conditions as will more fully appear on reference to the said Notarial Deed, copy annexed hereto."

C. ONDERHEWIG VERDER aan die bepalings van die endossement gedateer 19 Mei 1950 op gemelde Transportakte nr T18887/1948, welke endossement as volg lees:-

"Kragtens Notariële Akte nr 190/1950 gedateer 26 Januarie 1950 het die eienaar en sy regsopvolgers van die eiendom hierin beskryf, die reg verleen aan die eienaar en sy regsopvolgers van die eiendom gehou onder Transportakte nr 27294/48 om 'n waterpyplyn op enige deel van die hieringenoemde eiendom aan te lê met die doel om daarmee water van die Departement van Besproeiing se Bergrivierwaterskema of enige vertakking daarvan te bring na die eiendom gehou onder Transportakte nr 27294/48, onderhewig aan voorwaardes betreffende die instandhouding, skoonmaak, reparasie, hernuwing, verlegging, verwydering of gebruik en toegang daarvan soos meer volledig sal blyk uit verwysing na genoemde Notariële Akte, 'n afskrif waarvan hieraan geheg is."

For Information Only

D. ONDERHEWIG VERDER aan die bepalings van die endossement gedateer 4 Mei 1951 op gemelde Transportakte nr T18887/1948, wat as volg lees:-

> "Kragtens Notariële Akte nr 225/51 gedateer 10.7.50 het die eienaar van die grond hiervan gehou aan die eienaar van die grond onder Transportakte nr 7766/44 gehou die reg om 'n waterpyp te lê en te behou wat oor gesegde grond sal passeer in die plek en langs die lyn van roete soos aangetoon en gemerk op die Kaart "A" daaraan geheg, toegeken, met sekere bykomstige regte, onderhewig aan voorwaardes soos meer breedvoerig sal blyk uit gesegde Akte. 'n Afskrif is hieraan geheg."

E. ONDERHEWIG VERDER aan die bepalings van die endossement gedateer 29 Oktober 1963 op gemelde Transportakte nr T18887/1948, wat as volg lees:-

> "Kragtens Notariële Akte nr 557/1963 hede geregistreer by wyse van onteiening kragtens Artikel 4 Wet 23/1945 is Gedeelte 7 van Muishond Fontein hieronder gehou onderhewig aan persoonlike Serwituut van waterleiding vir pyplyn oor strook grond ongeveer 1207,48 meter lank 7,56 meter wyd ten gunste van die Republiek van Suid-Afrika, onderworpe aan voorwaardes soos meer ten volle sal blyk uit gemelde Notariële Akte."

F. ONDERHEWIG VERDER aan die bepalings van die endossement gedateer 2 Februarie 1967 op gemelde Transportakte nr T18887/1948, wat as volg lees:-

> "Kragtens Not. Akte nr 19/67 ged. 18.10.1966 het die eienaar van die eiendom hieronder gehou aan die eienaars van die eiendom (Perseel D van 'n gedeelte van Eenzaamheid) gehou onder T. 19818/66 die reg verleen om 'n waterpyp te lê langs die grenslyn G.A. op Kaart 1292/48 tesame met bykomstige regte. Onderhewig aan voorwaardes soos meer volledig sal blyk uit gemelde Not. Akte."

G. ONDERHEWIG VERDER aan die bepalings van die endossement gedateer 14 Augustus 1972 op gemelde Transportakte nr T18887/1948, wat as volg lees:-

> "Pyplyn serwituut gesedeer aan Republiek van Suid-Afrika deur Akte van Sessie nr 369/1972 gedateer 14.8.1972."

H. ONDERHEWIG VERDER aan die bepalings van die endossement gedateer 28 Januarie 1976 op Transportakte nr T3915/1975, wat as volg lees:-

> "Serwituut van waterleiding gesedeer aan Republiek van Suid-Afrika deur Akte van Sessie nr 75/1976."

I ONDERHEWIG VERDER aan die bepalings van die Endossement gedateer 4 Mei 1977 op Sertifikaat van Geregistreerde Titel nr T25452/1976, wat as volg lees:-

> "Kragtens Notariële Akte Nr K371/1977S, is die binnevermelde eiendom onderhewig aan die reg ten gunste van Elektrisiteitsvoorsieningskommissie om elektrisiteit daaroor te lei, tesame met bykomende regte, en onderhewig aan voorwaardes, soos

For Information Only

vollediger sal blyk uit die gesegde Akte (en Kaart), afskrif waarvan hieraan geheg is."

J. ONDERHEWIG VERDER aan die bepalings van die endossement op gemelde Sertifikaat van Geregistreerde Titel nr T25452/1976, wat as volg lees:-

"Die volgende endossement gedateer 23.3.1978 verskyn op die Akteskantoor afskrif hiervan, naamlik:

Endossement kragtens Artikel 31(6) van Wet 47 van 1937 (soos gewysig)

'n Ged. van die eiendom hierin vermeld groot ± 8,8510 hektaar is onteien deur die Prov. Adm. van die Kaap kragtens Art. 27 van ord. 19 van 1976 Vide onteieningskennisgewing Nr R/D 17/2345 d.d. 16.9.78 geliasseer as onteienings caveat EX 222/78 planne in tweevoud geliasseer hiermee en met T3915/75."

K. ONDERHEWIG VERDER aan die bepalings van die volgende endossement gedateer 24 April 1970 op Transportakte nr T18887/48, naamlik:-

"Pyplynserwituut gesedeer aan die Republiek van Suid-Afrika deur Akte van Sessie Nr 170/70 geregistreer hierdie 24ste April 1970."

For Information Only

WESHALWE die Komparant afstand doen van al die reg en titel wat die gesegde 1. ANDRIES JACOBUS BESTER en 2. ALBERTUS OLIVIER BESTER voorheen in die genoemde eiendom gehad het en gevolglik ook erken dat hulle geheel en al uit die besit daarvan onthef is en nie meer daartoe geregtig is en dat kragtens hierdie akte, die genoemde

Die Trustees van tyd tot tyd van BLOMFONTEIN TRUST

die se opvolgers in titel of regverkrygendes tans en voortaan daartoe geregtig is, ooreenkomstig plaaslike gebruik, behoudens die Regte van die Staat en erken hulle ten slotte dat die koopprys van die eiendom wat hiermee getransporteer word die bedrag van R640 000,00 (SES HONDERD EN VEERTIG DUISEND RAND) is.

IN GETUIENIS WAARVAN EK, die genoemde REGISTRATEUR VAN AKTES tesame met die Komparant, q.q. hierdie Akte onderteken het en met my Ampseël bekragtig het.

ALDUS GEDOEN EN GETEKEN op die kantoor van die REGISTRATEUR VAN AKTES te KAAPSTAD op 29 September 1998

q.q.

In my teenwoordigheid

REGISTRATEUR VAN AKTES

For Information Only

- 7 -

2293/2005 S

~~000000354-2005~~

Kragtens Notariële Akte K gedateer 23 Maart 2005 die volgende

1. Servitut K 371/1977 S is hiermee gekanselleer en:

2. is die binnegemelde eiendom onderhewig aan 'n ewigdurende servitut van elektriese kragleiding 22 meter wyd, die middellyn van welke servitut aangedui word deur die lyn aBCd op aangehegte Kaart L.G. Nr 5498/2002 geheg aan bogemelde Notariële Akte

Soos meer volledig sal blyk uit gesegde Notariële Akte.

Akte Kantoor
Kaapstad

26 APR 2005

Registrateur
van Aktes

8

GEEN FURTHER ENDORSEMENTS REQUIRED
GEEN VERDERE ENDOSSEMENTS NIE.

For Information Only

SERVITUDE DGM.

OFFICE COPY

SIDES Metres		ANGLES OF DIRECTION	CO-ORDINATES Y System: WG19° X				
		Constants:			0,00	+3600	000,00
AB	61,24	304 48 50	A	+	86 834,74	+	44 199,16
BC	869,23	345 53 20	B	+	86 784,46	+	44 234,12
CD	1 098,77	21 52 24	C	+	86 572,56	+	45 077,12
			D	+	86 981,91	+	46 096,79
	Juffroushoogte	120	△	+	87 048,78	+	45 107,61
	Langfos	203	△	+	82 179,41	+	48 668,38

S.G. No. 5498/2002

Approved

for SURVEYOR-GENERAL

20 02.12.18

Description of Beacons

A,B,C : Centre of wooden structure

D : 12mm Round iron peg



Inset 1
Scale: 1/2500



Inset 2
Scale: 1/500



Scale: 1/20000

The line a B C d represents

the centre line of an Electric Power Transmission Servitude extending 11,00 metres on each side of the line a B C d

over the farm

NO. 1043

situate in the Saldanha Bay Municipality
Administrative District of Malmesbury
Province of the Western Cape

Surveyed in September 2002 by me

K. CHETTY. (PLS 1130)
Professional Land Surveyor

EXEMPT FROM PROVISIONS OF ACT 70 OF 1970 SECTION 2 (a)

EXEMPT FROM PROVISIONS OF CHAPTER III OF ORD. 15/1985

This diagram is annexed to No. K2293/2005S d.d. i.f.o. Registrar of Deeds	The original diagram is S.G. No. 11261/1984 Transfer 1986- -8481	File Malm:1043 S.R. E2485/2002 Comp. CH-7CA (4506)

SERVITUDE DGM. 5498/2002

SERWITUUTKAART

SYE Meter		RIGTINGS-HOEKE	KOöRDINATE Y Stelsel: WG19° X		
		Konstante:		0,00	+3600 000,00
AB	81,32	120 26 10	A	+85 450,98	+45 660,45
			B	+85 521,09	+45 619,25
	KONNEKSIE	GEGEWENS			
BC	126,43	351 16 50	C	+85 501,93	+45 744,23
		114 Anyskop	△	+92 359,84	+46 754,12
		120 Juffroushoogte	△	+87 048,78	+45 107,61

L.G. No. 422/2011

Goedgekeur

nms. LANDMETER-GENERAAL

2011-03-03

Beskrywing van bakens

A,B : 12mm ysterpen

C : Draadpaal



Skaal 1:5000

Die lyn AB stel voor die middellyn van 'n Toegangserwituut 10m wyd, oor

Die PLAAS No.1043

gelee in die Munisipaliteit Saldanhabaai
Administratiewe Distrik Malmesbury
Provinsie Wes-Kaap

Opgemeet in Februarie 2011 deur my

PLS 0761 A.P.Steyl
Professionele Landmeter

Hierdie diagram is geheg aan No.	Die oorspronklike diagram is L.G. No. 11261/1984	Lêer : Malm 1043
ged.	Transport 1986. .8481	M.S. ~~422/2011~~ 188/2011
t.g.v.		Komp. CH-7CA(4506)
Registrateur van Aktes		LPI C0460000

L.G. No.

467/2015

Goedgekeur

nms.
LANDMETER-
GENERAAL
23-3-2015



Skaal 1:7500

Die kromlyn AB stel voor die middellyn van 'n Serwituut Reg van Weg 8m wyd, oor

Restant PLAAS No.1043

gelee in die Munisipaliteit Saldanhabaai
Administratiewe Distrik Malmesbury
Provinsie Wes-Kaap

Opgemeet in Julie en Desember 2014 deur my

PLS 0761 A.P.Steyl
Professionele Landmeter

VRYGESTEL VAN DIE BEPALINGS VAN WET 70 VAN 1970
ARTIKEL 1(a)

GOEDGEKEUR KRAGTENS ART. 25 VAN ORD. 15/1985
VERWYSING PL 1043
DATUM 2014-01-12

Hierdie diagram is geheg aan No. ged. t.g.v. Registrateur van Aktes	Die oorspronklike diagram is L.G. No. 11261/1984 Transport 1986. .8481	Lêer **Malm.1043 V1** M.S. **244/2015** Komp. CH-7CC(4508) LPI C0460000

		HOEKE			KOÖRDINATE Y Stelsel Lo 19°		X	
		Konstant			0,00		+ 3 600 000,00	
3,87	A	107 52 20	A	+	85 920,55	+	42 305,51	
	B	39 52 39	B	+	85 916,68	+	42 305,59	
4,69	C	238 13 40	C	+	85 670,60	+	43 914,53	
8,16	D	206 35 40	D	+	84 265,34	+	44 511,34	H.C.
9,78	E	155 31 30	E	+	83 271,30	+	44 449,50	
5,71	F	97 27 40	F	+	81 375,34	+	45 174,30	
4,31	G	119 24 14	G	+	81 514,00	+	45 753,63	H.C.
2,67	H	167 35 06	H	+	84 518,13	+	46 611,81	
	J	95 12 10	J	+	85 249,41	+	46 656,89	
2,73	K	244 27 51	K	+	85 490,90	+	45 083,63	
2,00	L	73 32 47	L	+	87 149,48	+	44 582,17	
9,67	M	181 22 50	M	+	86 835,64	+	44 103,96	
1,65	N	178 31 34	N	+	86 709,01	+	43 900,47	
1,76	O	181 18 59	O	+	86 559,59	+	43 673,61	
7,74	P	182 10 46	P	+	86 447,21	+	43 494,13	
9,38	Q	182 43 52	Q	+	86 338,76	+	43 305,32	
3,92	R	182 28 25	R	+	86 229,55	+	43 092,30	
1,64	S	182 22 32	S	+	86 144,44	+	42 906,99	
8,00	T	182 02 00	T	+	86 067,95	+	42 720,42	
2,34	U	181 13 25	U	+	86 002,85	+	42 544,05	
9,25	BAV	180 00 00	V	+	89 139,13	+	42 240,13	
4,87	ABW	180 00 00	W	+	84 382,12	+	42 336,77	
		UITGESLOTE FIGUUR						
9,36	a	57 38 20	a	+	85 316,70	+	46 218,74	
			a	+	85 316,74	+	46 218,68	H.C.
4,56	b	270 02 50	b	+	84 987,48	+	46 362,59	
5,28	c	89 58 30	c	+	84 965,66	+	46 312,59	
3,87	d	160 12 50	d	+	84 685,91	+	46 434,79	
			e	+	84 617,69	+	46 499,27	
2,65	e	199 32 00	e	+	84 617,75	+	46 499,43	
9,09	f	39 32 54	f	+	84 422,86	+	46 584,60	
9,53	H	167 35 06	H	+	84 518,13	+	46 611,81	
9,82	g	153 01 20	g	+	84 547,60	+	46 613,63	
			h	+	84 648,35	+	46 569,93	
1,73	h	195 11 40	h	+	84 648,34	+	46 569,67	
5,07	j	164 38 05	j	+	84 739,12	+	46 556,52	
2,53	k	122 19 09	k	+	85 302,71	+	46 310,18	H.C.
		Juffroushoogte	Δ	+	86 982,71	+	44 806,08	
		Heuningklip	Δ	+	92 617,21	+	39 275,70	

11261-84

Bakens.

A. B. Ysterpaal in klipstapel suid van ronde houthoekpaal.
C. 4 ysterpale bymekaar 1,2 m. hoog hoek van drade.
D. G. J. Swaar ysterhoekpaal wat 1,2 m. uitsteek.
E. F. Ysterpaal wat 300 mm. uitsteek met klippe.
H. Geen baken.
K. Voet van skewe houthoekpaal.
L. 20 mm. ronde ysterpen in beton baken.
M. - U. Ysterpaal in klipstapel.
V. W. Ronde houthoekpaal.
a. e. Stuk spoorstaaf.
b. 20 mm. ysterpen in beton by voet van draadpaal.
c. d. h. j. k. Pyp in betonblok.
f. g. Stuk spoorstaaf stewig ingeplant.

Serwituutnotas.

(i) Die lyn mn stel die hartlyn voor van 'n serwituut van elektriese kragleiding 22 m. wyd. Sien kaart No. 1632/71, geheg aan S/A No. K. 371/77 S.
(ii) Die figuur pqrstuvw stel 'n pyplynserwituut voor. Sien kaart No. 4097/43, geheg aan S/A No. 225/1951.
(iii) ~~Die lyn xy stel die hartlyn voor van 'n serwituut van elektriese kragleiding Sien kaart No. 5257/52, geheg aan S/A No. 358/1956.~~ W.
(iv) Die lyn a'b' stel die hartlyn voor van 'n serwituut van elektriese kragleiding 22 m. wyd. Sien kaart No. 1634/71, geheg aan S/A No. K. 371/77 S.

1. Figuur ABKLMNOPQRSTU synde Gedeelte 16 (gedeelte van Gedeelte 2) van die plaas Eenzaamheid No. 135. Sien kaart No. 6409/84, geheg aan T/A 1984-1096-54761 H.C.
2. Figuur CDEFGHJ uitsluitende figuur abcdefHghjk synde Restant van Gedeelte 7 van die plaas Muishond Fontein No. 137. Sien kaart No. 1292/48, geheg aan T/A 1948-378-18887.

Die figuur ABCDEFGHJKLMNOPQRSTU uitsluitende figuur abcdefHghjk stel voor 885,8741 hektaar grond, synde

PLAAS No. 1043

en bevat 1 en 2 hierbo:

geleë in die Munisipaliteit Vredenburg-Saldanha, Administratiewe Distrik Malmesbury, Provinsie Kaap die Goeie Hoop.

Saamgestel in September 1984,
deur my,

Landmeter.

Hierdie kaart is geheg aan Sert. Verw. Titel No. T.8481/1986 gedateer t.g.v. Registrateur van Aktes.	Die oorspronklike kaarte is soos hierbo aangehaal.	Lêer No. Malm. 1043. Saamgestel. Komp. CH-7CA (4506) CH-7CC (4508) CHSV-23 (6719) FOR ENDORSEMENTS SEE BACK OF DIAGRAM

S C

KANTOORAFSKRIF 11261



SERVITUDES/LEASEHOLD AREAS

M	DESCRIPTION	DEED	INITIALED
92	The line a1 b1 c1 d1 represents the centre line of an electric power Transmission servitude extending 11 m on each side of the line a1b1c1d1	K2293/2003	N.M
011	Die lyn g'h' stel voor die middellyn van 'n Servituut Reg van Weg 8m wyd		
015	Die kromlyn g'h' stel voor die middellyn van 'n Servituut Reg van Weg 8m wyd		

SERWITUTE/HUURKONTRAKGEBIEDE

MEETSTUKKE	KAARTNO.	BESKRYWING	AKTE	GEPARAFEER

OLGENDE AFTREKKINGS IS VAN HIERDIE KAART GEDOEN

ONDERVERDELING	GROOTTE HA./VK. M.	AKTENO.	GEPARAFEER	RESTANT
Ged. 1	11,6675Ha	T73163/2016	DA	

B